Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 36: *B'ha'alotcha* (בהעלותך) – As Jy Die Lampe Opsteek

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Praat met Aharon en sê vir hom: As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.* Num. 8:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Num. 8:1 tot 12:16.

- **YHVH Se Stem**
- **Num. 8:1 tot 4 –** '*B'ha'alotecha'* Jou Lamp
- **Num. 8:5 tot 26 -** Reiniging Van Die Leviete
- **Num. 9:1 tot 14 –** Pesag In Die Wildernis
- **Num. 9:15 tot 23** – Die Wolk- En Die Vuurkolom
- **Num. 10:11 tot 36 –** Die Israeliete Vertrek Vanaf Sinai
- **Num. 11:1 tot 35** – Die Murmurering Van Israel Word Gestraf.
- **Num. 12:3** – Moses Die Nederigste Mens Op Aarde.

Haftorah: Sag. 2:10 tot 4:7 – Nie Deur Mag Of Deur Krag Nie!

Hernieude Verbond: Rom. 1:1; Gal. 1:15; Heb. 4:14 tot 5:10; Heb. 7:1 tot 28; Heb. 9:23 tot 25; 1 Kor. 10:10; 1 Kor. 11:1; Open 14:4; Fil. 2:14.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

You can tell more about a person by what he says about others than you can by what others say about him – Leo Aikman

Midrash

YHVH Se Stem

Ons vorige parashah (*Naso*) het geëindig waar die twaalf stamowerstes die inwydingsgawes vir die tabernakel gebring het. Dan lees ons:

Wanneer Moshe in die Tent van Ontmoeting ingegaan het om met Hom te praat, het hy die Stem met hom hoor praat van bo die Toedekking af wat op die ark van die Getuienis is, van tussen die twee gérubs uit. So het Hy met hom gepraat. Num. 7:89 – PWL.

Let daarop dat Moses het die stem van YHVH gehoor van die versoendeksel af wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit! In die ark was die Getuienis – die Tien Gebooie (Woorde)!! Dus is YHVH self, en Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid, as te ware die bewaker en bevestiger van God se Torah. Vader-God praat altyd met ons vanaf die basis van Torah. Elke Woord van YHVH is gefundeer op Sy Torah.

Mag ons as gereinig en afgesonder deur vertroue in Yeshua as Messias, en gehoorsaam aan YHVH se Torah, gereeld in Sy se heilgdom ingaan en Sy stem hoor!

Bepeins of Bespreek

1. Kan ons YHVH se stem hoor indien ons Sy Torah as uitgedien beskou? Hoor diegene wat hulself as vry van YHVH se wet beskou nie ‘n nabootser van YHVH se stem nie? Of moontlik ‘n mengelmoes van stemme, ondermeer die van die Afgesonderde Gees?

Lev. 8:1 tot 4 – ‘*B’ha’alotcha’* Jou Lamp

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met Aharon en sê vir hom: ‘As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.’” Aharon het so gedoen: hy het die lampe opgestel om na die voorkant van die lampstaander te wys, soos יהוה Moshe beveel het. Num. 8:1 tot 3 – PWL.

B’ha’alotecha beteken nie om die lampe vir die eerste keer aan te steek nie, maar eerder wanneer Aäron die lampe *laat ontvlam* of wanneer hy die lampe *laat opflikker*. Hierdie *ontvlam* en *opflikker* van die sewe lampe van die menora was die eerste ding wat Aäron en sy seuns in die oggend moes doen. Die lampe het weer ontvlam en opgeflikker soos die menora gevul was met die fyn uitgestampte olyfolie en wanneer die pit van elke lamp geknip was.

Hierdie is ‘n sinnebeeld van wat ons eerstens elke oggend moet doen, naamlik ons moet ons lamp *b’ha’alotecha*. Ons moet vra om weer opnuut met die Afgesonderde Gees gevul te word en ons moet deur die Woord van YHVH ‘geknip’ word sodat ons weer helder kan brand.

Die menora was die ligbron in die tent van die tabernakel, maar ons lees dat Aäron die lampe moes draai om na die voorkant van die menora te skyn. Die betekenis hiervan is eerstens dat daar genoegsame lig moet wees vir die priesters om hulle dienswerk te kan verrig. Tweedens moet die lig van die menora dit wat YHVH verteenwoordig verlig, naamlik die tafel met die toonbrode en die reukaltaar, asook skyn in die rigting van die Allerheiligste waar die verbondsark staan. Die dieper betekenis hiervan is dat die klem te alle tye moet wees op wat YHVH doen en nie op dit wat die priesters doen nie.

Hierdie is ‘n baie belangrike les vir ons elkeen. Dit gaan nie oor wat ons doen nie, maar wel oor wat Vader-God vir ons deur Yeshua gedoen het en wat Hy deur ons doen! Ons is net ‘n werktuig in die Vader se hand om te gebruik soos dit Hom pas!

Volgens Judaïsme is die betekenis van Num. 8:2, naamlik: *As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee,* dat die lig van die drie sytakke aan elke kant op die sentrale stam, bekend as die dienskneg (*shammash*) gerig moet wees. As gelowiges in Yeshua weet ons dat die sentrale stam van die menora Yeshua Messias verteenwoordig, wat gekom het om te dien (Matt. 20:28) en dat die lig van elke gelowige, en van die gemeente, op Yeshua gerig moet wees.

Die menora verteenwoordig dus ook die gemeente (die afgesonderdes, uitgeroeptes) van YHVH.

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met ‘n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ‘n goue gordel.... die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. Open. 1:12,13 en 20

Wanneer Yeshua, en dus ook die Torah wat die Vleesgeworde Woord van YHVH is (Joh. 1:1), nie sentraal in die gemeente staan nie, sal die menora uit die gemeente verwyder word (Open. 2:5).

Die Menora: `n Heenwysing na Yeshua Messias en Torah

Soos in Parashah 19 (*Terumah*)[2] bespreek was, is die menora (goue kandelaar) een van die oudste simbole van Judaïsme en van Israel. Die nasionale embleem van Israel is ‘n menora met ‘n olyftak aan weerskante en dit is hulle amptelike embleem sedert 10 Februarie 1949.

‘n Menora is as deel van die embleem gekies ondermeer op grond van Jes. 42:6: *Ek, YHVH, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as ‘n verbond van die volk, **as ‘n lig van die nasies***. Volgens Judaïsme is die lig van die menora ‘n “sagte” lig en nie ‘n “geweldadige krag” nie. Daarom word geglo dat Israel ‘n voorbeeld vir ander volke moet wees. Hierdie beskouing word ondermeer op Sag. 4:1 tot 6 gegrond, veral op vers 6: *Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê YHVH van die leërskare.* In die Haftorah word hierdie waarheid verder bespreek.

Die volgende stelling is steeds feitelik korrek: *Like the lamps of the menorah, the future for Israel is bright indeed!*

Volgens Ex. 25:31 tot 40 is die menora met die hand vervaardig uit een stuk suiwer goud van een talent (ongeveer 43 kg). Net so is die Woord van YHVH suiwer, want dit is die waarheid (Joh. 17:17). Soos die menora uit een stuk suiwer goud gemaak is deur smeewerk en dus ‘n eenheid vorm, net so vorm die Woord van YHVH ‘n eenheid van Genesis tot Openbaring. Die fondament van hierdie eenheid is die eerste vyf boeke van die Skrifte, bekend as YHVH se Torah (onderrrig en instruksies). Hierdie fondament is Yeshua en YHVH se huis (koninkryk) kan op geen ander fondament gebou word nie (1 Kor. 3:11)

[2] Parashah 19: *http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/01/Parashah19Notas14.pdf*

Die menora is vervaardig volgens die vakmanskap van dryfwerk (smeewerk) en het bestaan uit `n sentrale stam met drie sytakke aan elke kant. Aan die bopunt van die stam en elke sytak was daar `n kelkie in die vorm van `n amandelblom waarin die olie en die pit van die lamp was. Die stam en sytakke was ook versier met amandelknoppe en blomme (Ex. 27:20 en 21; Ex. 37:17 tot 24; Ex. 39:37; Ex. 40:24 en 25; Lev. 24:1 tot 4; Num. 4:5, 9, 10 en 15; Num. 8:1 tot 4).

Die menora is ‘n sinnebeeld van verskillende geestelike waarhede wat eweveel vir Jood en Christen geld. Daarom behoort die menora ook een van die simbole van die Christengeloof te wees. Ongelukkig is baie min gelowiges hiervan bewus en word dit deur die meerderheid as Judaïsme beskou.

Die profesie van Sagaria beskryf Yeshua as die *opgaande Lig uit die hoogte* wat ons besoek het en wat skyn oor die wat in duisternis en in doodskaduwee leef, en wat ons voete rig op die pad na vrede met YHVH (Luk 1:76 tot 79). Simeon bevestig dit deur na Yeshua te verwys as `n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van Israel (Luk. 2:32). Johannes die Doper het gekom om van die Lig, naamlik van Yeshua Messias, te getuig (Joh. 1:7 en 8).

Yeshua Messias is ons Menora. Hy is die lig van die wêreld en elkeen wat in hierdie lig wandel, het die lig wat lewe is (Joh. 8:12). In Hom is die ware lewe en hierdie lewe is die lig wat elke mens verlig (Joh. 1:4 en 9). Yeshua is die bron (oorsprong) van lewe, want net soos die Vader het Hy ook lewe in Homself (Joh. 5:26).

Vanaf die eerste profesie oor die koms van die Messias (Gen. 3:15) tot met die laaste hoofstuk van Openbaring word Yeshua voorgehou as die Lig (Verlosser) van hierdie wêreld. Die opdrag vanaf Genesis tot Openbaring is ook duidelik, naamlik: Wandel in YHVH se Lig, naamlik die Woord (die Torah) van God wat Yeshua is en wat deur die Afgesonderde (Heilige) Gees verheerlik word. Torah-gehoorsaamheid is ‘n leefwyse van YHVH se geregtigheid.

Onder die hernieude verbond is die geestelike betekenis van die menora veral duidelik, naamlik: Soos daar geen ander lig in die Heiligste was nie, so is Yeshua die enigste Lig van hierdie wêreld. Hierdie Lig het in ons harte geskyn sodat die duisternis uit ons harte verdryf kan word en sodat ons die Vader waarlik kan ken (2 Kor. 4:6). Om in hierdie lig te wandel is die enigste wyse om Vader-God waarlik (intiem) te kan ken.

Ons moet YHVH se kinders van die Lig wees en die Lig in ons moet die wêreld om ons verlig op ‘n wyse dat die Vader verheerlik kan word (Matt. 5:16).

Elke gelowige in Yeshua wat nougeset volgens die Woord (Torah) lewe, word ‘n lig in hierdie wêreld (Matt. 5:14; Ef. 5:8; Fil. 2:15). In Yeshua het ons die Lig van die Lewe (Joh. 8:12). Ons moet in hierdie Lig wandel sodat die duisternis ons nie oorval nie (Joh. 12:35).

Opsommend: Jy is ‘n lig van die wêreld slegs wanneer jy in die Lig wandel en dit beteken om nougeset volgens die Lig van Torah te lewe. Die bewys dat jy volgens hierdie Lig lewe is wanneer jy die Vader met alles liefhet en jou naaste soos jouself. Wanneer jy Sy Woord (Torah) bewaar dan het die liefde van YHVH in jou lewe volmaak geword (1 Joh. 2:5). Dit beteken dat wanneer jy nougeset volgens die Lig van die Woord van YHVH handel, beantwoord jy YHVH se liefde vir jou. Dit is volmaakte liefde!!

Ons is nie gehoorsaam aan Torah om gered te word nie! Nee, ons is gehoorsaam aan Torah, omdat ons gered is!!

Bepeins of Bespreek

Hierdie vrae is reeds in Parashah 19 bespreek of bepeins, maar dit is die moeite werd om weer daaroor te besin.

1. Ons is so geneig om te dink dat ons die lig van die wêreld is bloot op grond van ons wedergeboorte. Wedergeboorte alleen maak nie van ons die lig van die wêreld nie, maar alleenlik wanneer ons deur vertroue in Yeshua nougeset in die Lig van die Woord (Torah) wandel kan ons die lig van YHVH wees.

2. Die sleutel tot kennis en gemeenskap met Vader is gehoorsaamheid aan Torah (1 Joh. 2:3). Indien ons nie Sy Torah (gebooie) glo en doen nie, is ons ‘n leuenaar (1 Joh. 2:4). Hoe maklik is dit om jouself te mislei deur te dink dat jy gehoorsaam is?

3. Die mate van gehoorsaamheid bepaal die *helderheid* van die lig waarmee ons skyn. Die mate van gehoorsaamheid vereis voortdurende selfondersoek.

4. Dit word algemeen aanvaar dat die kruis die simbool van die Christendom is. In die lig van die betekenis van die menora, en veral in die lig van Open. 1:12. 20 en 2:1, moet ons vra of dit korrek is. Niemand sal ontken dat die kruis (folterpaal) die simbool van YHVH se reddende genade is nie, maar is dit die simbool wat die gemeente van Yeshua uitbeeld?

   - Volgens Judaïsme simboliseer die menora ‘n olyfboom en verteenwoordig die ses sytakke die mens wat deel geword het van YHVH, die sentrale stam. Onthou: Die getal 6 is simbolies van die mens. Vergelyk hierdie siening met wat Paulus in Romeine 11 verduidelik van die olyfboom en die takke wat daarop ingeënt is.

5. Lees Rom. 8:14. Mislei ons nie onsself deur daarop te roem dat ons deur die Afgesonderde Gees gelei word terwyl daar areas van moedswillige ongehoorsaamheid in ons lewens is nie? Is gedeeltelike gehoorsaamheid voldoende om myself te beskou as iemand wat in elke area van my lewe deur die Gees gelei word? Indien die antwoord *Ja* is, is die vraag waar is die afsnypunt waar my ongehoorsaamheid sodanig is dat ek deur ‘n ander gees as die Afgesonderde Gees gelei word.

Num. 8:5 tot 26 – Reiniging Van Die Leviete

Neem die Leviete onder die kinders van Israel uit en reinig hulle. Num. 8:6.

Om te *reinig* (*taher*) is om *suiwer te maak, moreel skoon te wees; om eg te wees* en *om onvervals te wees*. Die Leviete is ondermeer gereinig deur die water van ontsondiging wat in Numerie hoofstuk 19 bespreek word. Torah-gehoorsaamheid is YHVH se ‘detoks-proses’ wat ons almal gereeld moet ondergaan! Dit is om soos ‘n bruid haar af te sonder en te reing in die wassing (*mikveh*) en die Woord (Ef. 5:26).

Dawid het gevra: *Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu*. Ps. 51:9.

Wat is ‘n ware Torah leefwyse? Die doel van Torah is nie net om kennis (inligting) te versamel nie! Nee, ‘n ware Torah leefwyse gaan oor transformasie (verandering, metamorfose, herskepping en suiwering) en die doel is om gelykvormig aan Yeshua, die Lewende Torah, te word!! Dit is ‘n voortdurende tansformasie van die eie-ek en van ons

onmiddelike omgewing. Dit is om deel van YHVH se oplossing vir ‘n wêreld wat verlore gaan te word en om nie deel van die probleem te wees nie!

Gehoorsaamheid aan Torah is:

- Ons pad terug om geskape te wees na die beeld van ons Skepper (Gen. 1:26) en nie na die beeld van Adam nie (Gen. 5:3). Dit is om terug te keer na die ou paaie, die goeie pad, en daarin te loop (Jer. 6:16) – die pad wat ons voorvaders, Abraham, Isak en Jakob, gewandel het (Mal. 4:6).

- Die vernuwing van ons gemoed om gelykvormig aan Messias te wees (Rom. 8:29 en Rom 12:2).

Ons suiwerste begeerte (ware doelwit) moet wees om herskep te word tot die beeld van ons Skepper!! Ons word alleenlik deur geloof gered, maar ons werke van geloof is bevestiging en bewys dat ons deur die Afgesonderde Gees gelei word. Ons skeppingsdoel is eerstens geestelik, maar tog ook fisies. YHVH is Gees en ons gehoorsaamheid aan die geestelike beginsels en gesag van ons Skepper moet in ons fisiese lewe manifisteer. ‘n Torah-gehoorsame leefwyse is die pad van reiniging en heiligmaking. Paulus som dit soos volg op:

My broers, verbly julle daarom in eenheid met ons Meester. Dit is vir my nie moeite om dieselfde dinge aan julle te skryf nie, want dit beskerm julle. Wees versigtig vir honde; wees versigtig vir werkers van boosheid; wees versigtig vir die vleeslike besnyers, want óns is die besnydenis, die van ons wat God in die Gees dien en roem in Yeshua, Die Gesalfde Een en ons vertrou nie op die vlees nie; alhoewel ek ook rede het om te vertrou op die vleeslike. As iemand anders dink dat hy op die vleeslike kan vertrou, ek nog meer: besny op die agtste dag,[1] *vanuit die familie van Yisra’el, vanuit die stam van Binyamin; ’n Hebreër, seun van ’n Hebreër; in die geskrewe wet ’n Fariseër; in ywer, ’n vervolger van die gemeente; volgens die onpartydige opregtheid wat in die wet vereis word, onberispelik, maar hiérdie, wat vir my voordele was, beskou ek as verliese, as gevolg van Die Gesalfde Een. Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om Die Gesalfde Een as wins te verkry en dat ek in eenheid met Hom gevind sal word, nie met my onpartydige opregtheid wat uit die geskrewe wet is nie, maar dié wat deur die vertroue van Die Gesalfde Een is, die onpartydige opregtheid wat uit God is sodat ek Yeshua en die wonderwerkende krag van Sy opstanding daardeur kan ken en kan deel aan Sy lyding en gelykvormig gemaak kan word aan Sy dood sodat ek miskien in staat sal wees om die opstanding uit die dood te kan behaal.* Fil. 3:1 tot 11 – PWL.

Soos ons al dikwels bespreek het, moet ons waak teen dit wat ons onrein (*tamei*) kan maak. Soos die Leviete is ons geroep en afgesonder om gereinig te word en rein te lewe. In die verband het ek die volgende verduideliking in ‘n e-pos ontvang:

> *Corruption (vermenging; vervalsing, sinkretisme) means to take away the pureness of something. Our purest desire should not be to work, not to try to be financially independent or to be happy but to serve our Creator by living our created image. Our created image to be in the image and likeness of our Creator (Gen 1:26). Most of us and our forefathers are corrupted due to the worldly systems that pressurise us into doing things the worldly way. BUT if we return to reprogram our minds and hearts according to the Scriptural instructions, we find ourselves in the world but receiving not from the world (Rom 12:1-3). Obedience to the instructions (TORAH) given by our Creator is the*

guideline back to our created image, the conforming of our thoughts allow us to live the created likeness. (Rom 12:1-3)

Laat ons nooit vergeet nie: *YHVH did not save us to make us happy! No, He saved us to make us holy!*

Volgens Num. 4:3 en 8:24 tot 26 het die Leviete vyf jaar 'opleiding' ondergaan alvorens hulle met amptelike dienswerk in die tabernakel kon begin. Hulle het dan vanaf die ouderdom 30 tot 50 jaar dienswerk verrig, waarna hulle dan in 'n hulpverlenings hoedanigheid opgetree het.

Bepeins of Bespreek

1. Wat beteken dit om met die Gees gevul te wees? Loop dit nie hand-aan-hand met Torah-gehoorsaamheid nie, naamlik om met Torah gevul te wees nie? Is Torah-gehoorsaamheid nie die voorvereiste om met die Afgesonderde Gees vervul te wees nie? Is dit nie wat *Shavuot* (Pinkster) ons leer nie?

Num. 9:1 tot 14 – Pesag In Die Wildernis

יהוה *het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai; in die tweede jaar nadat hulle uit Egipte uitgetrek het, in die eerste maand en gesê:"Laat die kinders van Yisra'el nou die Pesag op sy bepaalde tyd hou.* Lev. 9:1 en 2 – PWL.

Hierdie was die eerste herdenking van Pesag en het dus in die eerste maand van die tweede jaar na die uittog uit Egipte plaasgevind. Pesag is deel van die Vasgestelde Tye (feestye, *mo'edim*) en is die eerste van die jaarlikse afsprake wat YHVH met Sy volk het (Verwys Levitikus 23). YHVH herinner Moses daaraan dat Pesag op die veertiende dag van die tweede maand gedenk moet word volgens al Vader-God se insettinge en al Sy verordeninge (Num. 9:3).

Hierdie Skrifgedeelte is ook bevestiging dat diegene wat Pesag gedenk rein moet wees! Die instelling van 'n 'tweede' Pesag deur YHVH was vir diegene wat onrein was met die aanvang van Pesag op die veertiende dag van die eerste maand. Daarom het YHVH vir Moses gesê:

"Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'As iemand van julle of van julle nageslag deur 'n lyk onrein word of op 'n ver reis is, mag hy steeds die Pesag tot יהוה *hou. In die tweede maand, op die veertiende dag, tussen die twee sonsondergange, moet hulle dit hou; met ongesuurde brode en bitter kruie moet hulle dit eet. Hulle mag niks daarvan laat oorbly tot die oggend toe of 'n been daaraan breek nie; volgens die hele instelling van die Pesag moet hulle dit hou.* Num. 9:10 tot 12 – PWL.

Maar YHVH maak dit ook baie duidelik dat diegene wat wel rein was met die aanvang van Pesag en nalaat om dit te hou, moet van sy volksgenote afgesny word, want hy het die offer van YHVH nie op die Vasgestelde Tyd gehou nie (Num. 9:13).

Ons moet verstaan dat die Vasgestelde Tye van YHVH deel van die Vader se onderrig en instruksies aan Sy kinders is, en daarom deel van YHVH se Torah. Dit moet ook beklemtoon word dat die wet (die Torah) die Vader se onderrig en instruksies in geregtigheid is, naamlik hoe om as geregverdigde te lewe. Die weiering om dit te gedenk is gelykstaande aan eie geregtigheid en wat nie God se geregtigheid is nie!

Hierdie Vasgestelde Tye is ewige insettinge en Yeshua en die apostels het dit gedenk, asook die gemeente (die *ekklesia*) in die eerste twee tot drie eeue na Messias. Die geskiedenis is bewys hiervan. YHVH ons Vader het nie Sy afgesonderde samekomste met die folterdood van ons Messias gekanselleer nie. Hierdie feestye van YHVH is ook nie met die viering van slegs Paasfees (*Easter*) en Kersfees vervang nie.

Bepeins of Bespreek

1. YHVH het Sy Vasgestelde Tye bepaal en Hy is die een wat die uitnodiging om dit te gedenk aan Sy kinders rig. Wie is die een wat Kersfees, *Easter* en talle ander 'kerkfeeste' ingestel het? Wie se uitnodiging gaan jy aanvaar?

2. Met verwysing na Num. 9:6 tot 12, asook verwysend na die meningsverskil oor hoe die begin van 'n nuwe maand bepaal word, is die vraag of die presiese datum waarop Pesag, en die ander Vasgestelde Tye (feestye) van YHVH, gehou word belangrik? Is die hou van die feestye (verwys Num. 9:13) nie belangriker as die presiese datum waarop dit gehou word nie? Maar dan kan ons ook sekerlik nie enige datum kies wat ons pas nie!!

3. Volgens Lev. 9:13 moet diegene wat nie Pesag gedenk nie *uit sy volksgenote uitgeroei word*. Geld hierdie beginsel steeds onder die hernieude verbond? Kan Torah-ongehoorsaamheid in die gemeente (vergadering, uitgeroepenes, *ekklesia*) geduld word? Verwys Rom. 16:17; Tit. 3:10; 2 Thess. 3:6; 2 Tim 3:5; 1 Kor. 5:5.

Num. 9:15 tot 23 – Die Wolk- En Die Vuurkolom.

Op die dag toe hulle die tabernakel opgerig het, het die wolk die tabernakel, die tent van die Getuienis, oordek en vanaf die aand tot die oggend toe was dit oor die tabernakel soos 'n verskynsel van vuur. So was dit altyd: die wolk het dit bedags oordek en snags 'n verskynsel van vuur. Num. 9:15 en 16 – PWL Vertaling.

Die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags was bevestiging van die voortdurende teenwoordigheid van YHVH in hulle midde. Hierdie Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH het sentraal gestaan tot Israel se tog deur die wildernis na die Beloofde Land. Israel het slegs weggetrek wanneer die kolom opgetrek het en dan het hulle saam met die kolom beweeg.

Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die kinders van Yisra'el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die kinders van Yisra'el kamp opgeslaan. Deur die opdrag van יהוה *het die kinders van Yisra'el weggetrek en deur die opdrag van* יהוה *kamp opgeslaan; vir soveel dae as die wolk oor die tabernakel gebly het, het hulle gekamp.* Num 9:17 en 18 – PWL.

Soms het die wolk slegs vir 'n dag of twee stil gestaan en ander kere vir 'n maand of langer. Volgens die bevel van YHVH het hulle laer opgeslaan en volgens die bevel van YHVH het hulle weggetrek (Num. 9:20 tot 23).

Die wolk- en vuurkolom is 'n sinnebeeld van die Afgesonderde Gees wat ons leer en lei (Joh. 14:26). Die les hieruit is om slegs volgens die leiding van die Afgesonderde Gees op te tree. Ons moet ons wil om volgens ons goeddinke te reageer, aflê en slegs saam met die Afgesonderde Gees 'beweeg'.

Note, He that believeth does not make haste. There is no time lost while we are waiting God's time. It is as acceptable a piece of submission to the will of God to sit still contentedly when our lot requires it as to work for him when we are called to it (Matthew Henry – Commentary on the Whole Bible).

In die verband moet ons egter ook die volgende onthou:

The thought of what has already been accomplished can be the death of that which is still to be accomplished.

Live as if you were living a second time, and as though you had acted wrongly the first time – Viktor Frankl.

Bepeins of Bespreek

1. Volgens Lev. 9:15 tot 23 moes Israel in ‘n voortdurende staat van gereedheid wees. Daar was by hulle altyd die onsekerheid oor wanneer hulle tyd op ‘n bepaalde plek (kampterrein) verby was. Is dit nie ook sprekend van die onsekerheid waarin ons lewe nie? Hou ons daarvan om uit ons gemaksone geneem te word? Wil ons nie dikwels eerder bly waar ons is nie, terwyl Vader-God wil hê ons moet aanbeweeg? Is ons nie geneig om vas te hou aan die verlede en hede nie?

2. Onthou: Wat Vader-God vir ons beplan is altyd baie groter en meer lonend as ons eie begeertes en drome!

   Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek YHVH. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Jes. 55:8 en 9.

3. Ons wat die getuienis van Yeshua het en Torah-gehoorsaam is, is ook soos ‘n wolk: *As gevolg hiervan, laat ook ons, wat so ’n groot wolk van getuies rondom ons het, elke las en die sonde wat altyd gereed is vir ons, afgooi en met aanhoudende geduld die resies hardloop wat voor ons lê en laat ons die oë hou op Yeshua, die Ontwerper en Voltooier van ons vertroue, wat ter wille van die vreugde, die kruis verdra het, die skande ignoreer het en sit op die regterkant van die troon van God.* Heb. 12:1 en 2 – PWL.

Num. 10:11 tot 36 – Die Israeliete Vertrek Vanaf Sinai

Wanneer die ark wegtrek, het Moshe gesê: “Staan op, O **יהוה***, laat U vyande verstrooi word en die wat U haat voor U wegvlug.” Wanneer dit rus, het hy gesê: “Keer terug, O* **יהוה***, na die menigte van die duisende van Yisra’el!”* Lev. 10:35 en 36 – PWL. .

Telkens wanneer Israel in die wildernis weggetrek het en die tabernakel afgebreek moes word, het Moses dus gesê: *Staan op, YHVH, dat u vyande verstrooi kan word en u haters voor u aangesig kan vlug.*en wanneer hulle weer moes kamp opslaan het Moses gesê: *Keer terug, YHVH, na die tien duisende van die duisende van Israel!*

In die Hebreeuse Torah verskyn daar ‘n omgedraaide letter *nun* voor Num. 10:35 en ‘n omgedraaide *nun* na Num. 10:36.



Volgens Judaïsme simboliseer die letter *nun* saad en die lewe wat in saad is. Hierdie saad weet ons is die Woord van YHVH en is dus ‘n sinnebeeld van Yeshua Messias. Hiervolgens is dit duidelik dat die *nun* aan die begin van vers 35 en aan die einde van vers 36 na die lewe verwys wat in Torah is, en dus die Lewe in die Vleesgeworde Woord van YHVH (Joh. 1:1 en 14).

Volgens Talmud is enige deel van Torah wat 85 of meer letters het, as te ware ‘n boek op sy eie en daarom word Num. 10:35 en 36 as ‘n boek van Torah beskou. Volgens oorlewering sou daar ‘n vers 37 bygevoeg gewees het indien Israel nie na die verkenners sou geluister het nie. Weens Israel se ongehoorsaamheid en wantroue in die belofte om Kanaän in besit te neem sal vers 37, en wat daarop volg, slegs bygevoeg word wanneer Messias kom. In die lig hiervan beskou sommige in Judaïsme dat die Torah sewe boeke bevat, naamlik:

- Genesis
- Exodus
- Levitikus
- Num. 1:1 tot 10:34
- Num. 10:35 en 36
- Num. 10:37 en wat daarop volg tot Num. 36:13
- Deuteronomium.

Ten opsigte van bogenoemde word ondermeer Spr. 9:1 aangehaal: *Die wysheid het haar huis gebou; haar sewe pilare uitgekap*.

Die vraag is ook hoekom die twee *nun*-letters nie aangesig tot aangesig in Num. 10:35 en 36 voorkom nie? Volgens oorlewering verteenwoordig die twee *nun*-letters die gerubs bo op die verbondsark. In tye van Torah-ongehoorsaamheid, so word geglo, draai die twee gerubs hulle aangesigte weg van die verbondsark in die rigting van die Tempel. Simbolies van die afwesigheid van YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid.

Volgens sommige bronne is die weglating “van vers 37” ‘n heenwysing na die gemeente van die hernieude verbond. Sommige bronne bring dit egter ook in verband met Jetro, Moses se skoonpa, wat as vreemdeling deel geword het van Israel.

Bepeins of Bespreek

1. Volg jy die verbondsark waarin die Torah is of volg jy ‘n ark met ‘n ander wet in?

2. Ons weet dat die aardse tabernakel slegs ‘n afbeelding was van die tabernakel in die hemel (Heb. 9:11). In die hemel is daar dus ook ‘n verbondsark waarbinne die Tien

Woorde (Gebooie) van YHVH is. Aan die Christendom wat glo dat ons onder die hernieude verbond vry van die wet (Torah) is, is die vraag dus: Bevat die verbondsark van die hemelse tabernakel nou slegs nege gebooie omrede die vierde gebod van die Shabbat deur YHVH 'uitgevee' is? Of het YHVH nou die Shabbatsgebod met Son(dag)aanbidding vervang?

3. Wie is YHVH se vyande? Is dit diegene wat Israel haat? Is dit diegene wat teen YHVH se Torah, Sy onderrig en instruksies, rebelleer?

Num. 11:1 tot 35 – Die Murmurering Van Israel Word Gestraf.

Die volk het geword soos mense wat kla van swaarkry voor die ore van יהוה en toe יהוה dit gehoor het, het Sy woede ontbrand. Die vuur van יהוה het onder hulle gebrand en sommige aan die kant van die kamp verteer. Die volk het daarom na Moshe uitgeroep en Moshe het ingetree by יהוה en die vuur is geblus. Num. 11:1 en 2 – PWL.

Die onmiddelike vraag is of Israel hoegenaamd rede gehad het om te kla? Het YHVH dan nie in al hulle behoeftes voorsien nie?! Het hulle behoeftes nou in gierigheid verander? In vers 4 lees ons van die wortel (bron) van hierdie gierigheid, naamlik:

Die gemengde bevolking wat onder hulle was, het gierige begeertes gehad. Die kinders van Yisra'el het weer gehuil en gesê: "Wie sal vir ons vleis gee om te eet? Num. 11:4 – PWL.

Dit was die *gemengde bevolking* (Hebreeus: *aspesoof*) wat die vuur van gierigheid aangesteek het, naamlik hulle wat saam met Israel uit Egipte getrek het en wat van gemengde bloed was (Ex. 12:38). Dit was die gepeupel (sameskraapsel, uitskot) wat by Israel aangesluit het bloot op grond van die belofte van die Beloofde Land wat met lus bevang was! Aangaande hulle skryf die Psalmdigter in Ps. 78:19 die volgende: *En hulle het teen God gespreek, hulle het gesê: Sou God 'n tafel kan dek in die woestyn?* Dit is hierdie gemengde bevolking wat die suurdeeg was wat die res van Israel besmet het, want ons lees dat die kinders van Israel toe ook weer gehuil het!

Hierdie is 'n voorbeeld van die minderheid wat die meerderheid se lot bepaal. Israel het sy identiteit vergeet, asook dat hulle 'n koninklike priesterdom is wat naby YHVH moet lewe. Die gemengde bevolking was die wat aan die kant van die laer gewoon het (Num. 11:1), naamlik weg van die tabernakel en van YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid. Hulle was diegene wat Torah-ongehoorsaam was en dus teen YHVH se Karakter en Outoriteit gerebeller het. Israel het toegelaat dat die invloed van die minderheid oorspoel na hulle deel van die laer. Hulle het YHVH wat in hulle midde gewoon het verwerp en voor Hom gehuil en gesê: *Waarom het ons tog uit Egipte uitgetrek*? (Num. 11:20).

Israel se sonde was dat hulle wellustigheid die oorsaak van murmering geword het! Dit ten spyte daarvan dat die verterende vuur van YHVH onder hulle gebrand en gewoed het (Num. 11:1)! Te midde van YHVH se oordeel het Israel met hulle murmurering voortgegaan asof die Almagtige hulle 'n onreg aangedoen het deur hulle van die slawejuk van Egipte te bevry het. In die verband kan ons die wysheid van Salomo aanhaal, toe hy gesê het:

Al stamp jy die sot in 'n stampblok tussen graankorrels met 'n stamper, sy sotheid sal nie van hom wyk nie. Spr. 27:22

Die vreugde van vryheid en dankbaarheid van voorsiening is nou vervang met ontevredenheid en ondankbaarheid soos blyk uit hulle woorde: *Maar nou is ons siel dor; daar's glad niks nie: net die manna is voor ons oë* (Num. 11:6). Die onredelikheid van hulle murmurering word egter in Num. 11:7 tot 9 beskryf:

Die 'man hu' was soos koljandersaad en dit het gelyk soos boomgom. Die volk het rondgegaan en dit bymekaargemaak en op maalstene gemaal of in vysels gestamp, dit in panne gekook en koeke daarvan gemaak. Die smaak daarvan was soos die smaak van koeke gebak in olie. Wanneer die dou snags op die kamp val, het die 'man hu' saam met dit geval (PWL)

Hierdie manna uit die hemel was verniet! Dit was asof YHVH hulle vrygestel het van die vloek van *in die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet* (Gen. 3:19). In die verband skryf Matthew Henry in sy kommentaar (Commentary on the Whole Bible) ondermeer die volgende:

Peevish discontented minds will find fault with that which has no fault in it but that it is too good for them. Those that might be very happy often make themselves very miserable by their discontents. They could not be satisfied unless they had flesh to eat. They brought flocks and herds with them in great abundance out of Egypt; but either they were covetous, and could not find in their hearts to kill them, lest they should lessen their flocks (they must have flesh as cheap as they had bread, or they would not be pleased), or else they were curious, beef and mutton would not please them; they must have something more nice and delicate, like the fish they did eat in Egypt. Food would not serve; they must be feasted. They had feasted with God upon the peace-offerings which they had their share of; but it seems God did not keep a table good enough for them, they must have daintier bits than any that came to his altar.

Salomo in sy wysheid herinner ons aan die volgende:

Sit jy aan om saam met 'n heerser te eet, let dan net op wat vóór jou is, en sit 'n mes op jou keel as jy 'n goeie eetlus het. Moenie sy lekker ete begeer nie, want dit is bedrieglike spys. Spr. 23:1 tot 3.

Die les om te leer is dat ons onderskeid moet maak tussen ons behoeftes en begeertes. Ons kan met vrymoedigheid na die Vader gaan met ons behoeftes, maar moet versigtig wees om Hom te vra vir wat ons begeer! Dit beteken nie dat ons begeertes noodwendig verkeerd en sonde is nie, maar dit kan wellus word wanneer ons ontevrede is met wat Vader-God voorsien en met die wyse hoe Hy voorsien. Ons kan nie bekostig om ontevrede te wees oor die wyse wat YHVH voorsien nie.

What is lawful of itself becomes evil to us when it is what God does not allot to us and yet we eagerly desire it (Matthew Henry)

Dit is die les wat ons leer uit die res van die gebeure soos dit in Num. 11:19 tot 34 opgeteken is. YHVH het in hulle wellus (begeertes) voorsien tot so 'n mate dat talle gesterf het met die vleis tussen hulle tande (Num. 11:33). Oorvloed het nie hulle wellus bevredig nie! Begeerlikheid (wellus) kan geestelike en fisiese dood tot gevolg hê!

As ewige herinnering aan die gevolge van die begeertes van die vlees is die plek waar dit gebeur het genoem *Kibrot-Hattáäwa – die grafte van wellus.*

Ons vleeslike begeertes en neiging tot gemaksug is dikwels die wortel van ons ontevredenheid en kan maklik ‘n “maksimum sekuriteit gevangenis” word. Onthou: *You can never satisfy a fire* – die vlees word nooit ten volle bevredig nie! Oorvloed kan ook ‘n straf word!! Hiervan is die gebeure wat in Lev. 11:1 tot 35 beskryf word ‘n bewys, veral verse 19 en 20. Bevrediging van begeertes kan uiteindelik walglik word!

- Ondankbaarheid kan die graf word wat ons vir onsself grawe.

- Indien Israel ‘n maand of meer se voorraad van manna sou kon opgaar, sou hulle nie meer vir YHVH vertrou het om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien nie. Yeshua het ons geleer om te bid: *Gee ons vandag ons daaglikse brood*. Verwys ook Matt. 6:19 en 20 – maak hemelse skatte bymekaar. Verwys ook die gelykenis van die ryk dwaas (Luk. 12:13 tot 21).

Die doel van Torah is om ons te bevry van die wêreld-sisteem wat van ons slawe maak. Talle lewe in ‘n gevangenis wat hulle self opgerig het!! Torah beteken onderrig; onderig in verhoudings, finansies, beroep, moraliteit, ens. ens. Dit herinner ons aan die gelykenis van die wynstok en die lote (Joh. 15:1 tot 11). Wat is hierdie lote wat afgesny word?? Die “onvrugbare” lote is daardie dinge wat van ons gevangenes (slawe) maak en wat deur Yeshua (die Lewende Torah) afgesny en in die vuur gegooi sal word. Ons moet egter vra om gesnoei te word!

Opsommend: ‘n Gemaksugtige geloofslewe bestaan nie! Hiervan is Israel ‘n bevestiging (Verwys Num. 9:15 tot 23). Ons moet versigtig wees om te murmereer wanneer die Vader op Sy wyse voorsien en versigtig wees wat ons van Hom vra. Ons moet ook onthou dat hierdie dinge vir ons opgeskrywe is as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11).

Our murmuring is the devil's music – Thomas Watson.

The more you have to live for, the less you need to live on. Those who make acquisition their goal never have enough – Sydney Harris.

Contentment is destroyed by comparison – Anonymous.

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings – Eric Hoffer

Bepeins of Bespreek die volgende

1. Israel se swerftog deur die wildernis is gekenmerk deur hul ontevredenheid (murmurerings). Is ons nie geneig om dieselfde te doen nie?

2. Was Israel se wildernis-ervaring gemaksugtig? YHVH se teenwoordigheid was altyd sigbaar (die wolkkolom bedags en snags) en Hy het in hulle basiese (noodsaaklike) behoeftes voorsien, MAAR.....!!! Ons moet onthou: Die Vader sal eerstens in ons behoeftes voorsien en nie noodwendig in ons begeertes nie. Ons moet leer om tussen ons behoeftes en begeertes te onderskei. Ons kan nie bekostig om ontevrede te wees oor die wyse wat YHVH voorsien nie.

3. Sal ons vleeslike begeertes nie minder word soos ons toenemend YHVH Yeshua eerste stel en in gehoorsaamheid volgens Torah leef nie? Vergelyk Joh. 1:30; Joh. 3:30 en Jak. 4:10.

Num. 12:3 – Moses was die nederigste mens op aarde

Nou, die man Moshe, was baie nederig, meer as al die mense op die oppervlakte van die aarde – PWL.

Aangaande nederigheid skryf Rabbi Kalman Packouz (http://www.aish.com) die volgende: **What is humility and why do we need it?**

The Torah tells us that, "... Moses was very humble, more than any person on the face of the earth." The classic question is: Moses wrote down the words of the Torah; how is it possible for him to be humble after the Almighty tells him that he is the most humble man in the world?

The answer lies in the definition of humility. Humility is not being a nebbish -- meek, unassertive, pitiful, downcast loser. Humility is to know exactly what your talents and capabilities are -- and recognizing that they and everything else is a gift from the Almighty. Moses understood that he was the only prophet to ever speak "face to face" with the Almighty; he also understood that this level of prophesy was a gift from God. Humility is an inward attitude.

Humility is a requisite for learning Torah. Torah is compared to water -- life-giving wisdom which flows to "low places." If one is humble, there is room for Torah to enter; if one is too full of himself, there is little room for anything else!

Why does a person need humility? A person with true humility will learn from others, will ask questions when he has doubts, and will be open to criticism. When one has humility, he does not feel a need to gain power over others or to feel above them by focusing on their faults. He will not act upon slights and escalate quarrels; he will ask for forgiveness and not blame others. He can see the good in others and therefore, love them. (Love is the emotion of pleasure one feels when focusing on the good in others.)

Rabbi Simcha Zissel of Kelm taught that "Arrogance is a reprehensible trait that is the father of all other negative traits." An arrogant person demands that everything should be exactly as he wishes. He lacks patience and this causes him much frustration and suffering. A person with humility finds it easy to accept things not being the way he would have wished them to be. He focuses on the positive in each situation and circumstance. He has more joy in living.

How can one work on developing humility? Focus on the following, especially if you're feeling arrogant:

1. You are small in comparison with the entire universe and the power of the Almighty.
2. You know little compared to what there is to know and have accomplished little compared to your potential.

3. Life is short, the body is frail and even the strongest person eventually becomes weak and dies.

4. Life is full of turnabouts -- the rich become poor, rulers become servants, the honored become disgraced.

5. Everything is a gift from the Almighty. We make our efforts, but success is from Above.

6. We are all created by the Almighty and have intrinsic worth. Who is to say who has greater worth?

The only way to have arrogance is to lack awareness of the total picture of reality. Moses had the highest level of awareness of reality and therefore was the most humble man. The humble man stands up for truth and righteousness, unaffected by the opinion of others. He understands the reality of what is important -- God, Torah, truth -- and not his ego.

Ons lees in Fil. 2:3 en 4 die volgende: *Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.* Mag dit ook ons elkeen se gesindheid wees!

Bepeins of Bespreek

1. *Humility does not mean thinking less of yourself. It means thinking of yourself less* – C.S. Lewis. Die beste wyse om van jou eie behoeftes en probleme te vergeet, is om om te sien na die van ander!

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Sag. 2:10 tot 4:7 – Nie Deur Mag Of Deur Krag Nie!

Toe sê hy vir my: "Dit is die woord van יהוה *aan Z'rubavel, wat sê: 'Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees,' sê* יהוה*-Tzva'ot.* Sag. 4:6 – PWL.

Sagaria was profeet en priester. Sy bediening was gedurende die sesde eeu en het begin (520 voor Messias) na die terugkeer van die Jode uit Babiloniese ballingskap. Hy was deel van die stam van Juda wat na Jerusalem teruggekeer het om die tempel te herbou. In Hebreeus beteken sy naam *YHVH onthou* en sy profetiese bediening getuig van die feit dat YHVH nie sy stad, Jerusalem, vergeet het nie. Sagaria se bediening is 'n heenwysing na die profetiese vervulling van YHVH se beloftes van die uiteindelik herstel van Israel. Dit is ondermeer 'n profetiese heenwysing na die Millennium!

Hierdie Haftorah dien as herinnering dat YHVH in beheer is en dat Hy die getroue Verbondsgod is (Deut. 7:9) wat elke woord wat deur Sy profete gespreek is, sal waarmaak. Soos die profesie van Saggaria aangaande die eerste koms van Yeshua na Jerusalem vervul was, so sal die tweede koms van Yeshua na God se stad ook vervul word.

Jubel, en wees bly, o dogter van Sion! Want kyk, Ek kom om in jou midde te woon, spreek YHVH – Sag. 2:10.

Hierdie profetiese woorde sal gedurende die Millennium vervul word, wanneer YHVH Yeshua weer, soos tydens die era van die tabernakel, in die midde van Sy volk sal woon. Baie nasies sal hulle in die dag by YHVH aansluit (Sag. 2:10 en 11). Dit sal die vervulling van die belofte aan Abraham wees (Gen. 12:3; 18:18; 22:18 en 26:4). Die herstel van Israel as staat in 1948 kan beskou word as die begin van die vervulling van hierdie profesieë.

Ons Ewige Hoëprister

In die vierde gesig wat Saggaria gesien het (Sag. 3:1 tot 10), vind ons ‘n heenwysing na Yeshua ons Ewige Hoëpriester

Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van YHVH staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae (Sag. 3:1)

Die Hebreeus vir Josua is *Yehoshua* en beteken *YHVH red*. Yeshua is die verkorte vorm van *Yehoshua* en beteken *redding*. Daarom is Sag. 3:1 tot 10 ‘n profetiese sinnebeeld van Yeshua Messias (Die Gesalfde Een) , ons Ewige Hoëprister. Die volgende ooreenkomste tussen Josua (Sag. 3:1 tot 10) en Yeshua bevestig dit:

- Vers 1: Beide se naam is Yehoshua en beide is hoëpriesters.
- Vers 1: Beide is deur Satan aangekla en versoek.
- Vers 3: Beide is met vuil klere bekleed. Yeshua was egter sonder sonde, maar het ons kleed van sonde aangetrek toe hy aan die folterpaal gesterf het.
- Vers 4 en 5: Beide se skuld is weggeneem en beide is met rein klere beklee. Yeshua het die skuldlas van die mens weggeneem.
- Vers 7: Beide het in geregtigheid gewandel om as regter oor Israel aangestel te word.

Verse 8 en 9 is ‘n heenwyssing na Yeshua Messias

Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit – ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal my Kneg, die Spruit, laat kom! Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het – op die een steen is daar sewe oë; kyk, Ek sal sy graveersel graveer, spreek YHVH van die leërskare, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg.

Yeshua is die Kneg en Spruit wat sal kom. Verwys ook Sag. 6:12; Jes. 4:2; 11:1; Jer. 23:5; 33:15.

Daar word ook na Yeshua as die Steen verwys. Oor Josef het Jakob die volgende seën uitgespreek: *maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob – daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is* (Gen. 49:24). Yeshua is die Goeie Herder en die steen wat die bouers verwerp het, maar wat die hoeksteen geword het (Ps. 118:22; Matt. 21:42). Hy is die steen – die beproefde en kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is sodat elkeen wat glo nie teleurgesteld (beskaamd) sal wees nie (Jes. 28:16; Rom. 9:33; 1 Pet. 2:4 en 7).

Op hierdie steen is daar sewe oë wat verwys na die sewe Geeste wat voor YHVH se troon is (Open. 1:4; 3:1; 4:5 en 6:4), naamlik Yeshua die Alef-Tav, op wie die Gees van YHVH rus, die gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van YHVH (Jes. 11:1 en 2).

Elkeen wat op hierdie steen waarop YHVH gegraveer het vertrou, se skuld sal in een dag uitgewis word (Sag. 3:9). Hierdie is profeties van Yeshua se versoeningswerk aan die folterpaal toe hy die skuld van elkeen wat glo in Yeshua as die Messias in een dag uitgedelg het.

Nie Deur Mag Of Deur Krag Nie.

'n Verdere ooreenkoms tussen hierdie week se Torah en Haftorah Skriflesing is ten opsigte van die menora. Dit vorm deel van die vyfde gesig wat Sagaria ervaar het, naamlik 'n goue kandelaar en twee olyfbome. Sagaria het nie die betekenis hiervan verstaan nie:

Die engel wat met my gepraat het, antwoord en sê vir my: "Weet jy nie wat hierdie is nie?" Ek het gesê: "Nee, my meester."Toe sê hy vir my: "Dit is die woord van יהוה *aan Z'rubavel, wat sê: 'Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees,' sê* יהוה*-Tzva'ot.* Sag. 4:5 en 6 – PWL.

Ons moet die betekenis hiervan ook sien in die lig daarvan dat sommige Jode aan die einde van die Babiloniese ballingskap teruggekeer het na 'n verwoeste Jerusalem en tempel met die doel om dit te herbou. 'n Onsekere toekoms het op hulle gewag, maar in die gesig wat Sagaria gesien het, het die engel hom herinner dat die herbou van Jerusalem en die tempel nie deur krag of deur geweld sal plaasvind nie, maar wel deur die Gees van YHVH.

Bogenoemde word bevestig deur die verskil in die menora van die tabernakel en die een wat Sagaria gesien het. In die gesig wat Sagaria gesien het, blyk dit dat die menora voorsien word van 'n onuitputlike bron van olie (Sag. 4:2 en 3). In die verband skryf Albert Barnes (*Notes on the Bible*) die volgende:

> *The first variation is "her bowl on the top of the candlestick," containing the oil; then (as dependent on this) the pipes to derive the oil into each lamp, "seven several pipes to the seven lamps," that is, seven to each; and the two olive trees on either side of the bowl, whose extreme and fine branches poured through two golden pipes the golden oil into the bowl which supplied the lamp. The multiplied conduits imply the large and perfect supply of oil unceasingly supplied, the seven being symbolic of perfection or of the reconciling of God (symbolized by 3) unto the world (symbolized by 4, its four quarters); the spontaneous flow of the golden oil from the olive trees symbolizes the free gift of God.*

Die onuitputlike bron van olie getuig van die Afgesonderde Gees waarmee ons voortdurend gevul word om 'n lig in 'n donker wêreld te wees. Dit is die olie van die Afgesonderde Gees wat ons help om YHVH se Koninkryk (tempel) te herbou – nie deur krag of geweld nie, maar deur Sy Gees!

In die verband moet ons ook onthou dat Israel deur YHVH se mag en krag van die Egiptiese slawejuk bevry was. Nou met die terugkeer van die Jode uit Babilon terug na Israel het dit geskied deur die Gees van YHVH. Eerstens het die Afgesonderde Gees in koning Kores se hart die begeerte opgewek om 'n bevel uit te reik dat die Jode terug mag gaan na Jerusalem

om die tempel te herbou (Esra 1:1 tot 4). Tweedens het die Gees van YHVH in die harte van die huis van Juda gewerk om hierdie vrylating aan te neem.

Toe het die familiehoofde van Juda en Benjamin klaargemaak, en die priesters en die Leviete – elkeen wie se gees God opgewek het om op te trek, om die huis van YHVH wat in Jerusalem is, te bou.
Esra 1:5

Elkeen wat gehoor gegee het aan die roepstem van die Afgesonderde Gees het teruggekeer na die land (Kanaän) wat YHVH aan Abraham, Isak en Jakob belowe het. Hulle was deur die profete ondersteun (Esra 5:2). In die verband skryf Matthew Henry in sy *Commentary on the Whole Bible* die volgende:

> *Note, The work of God is often carried on very successfully when yet it is carried on very silently, and without the assistance of human force; the gospel-temple is built, not by might or power (for the weapons of our warfare are not carnal), but by the Spirit of the Lord of hosts, whose work on men's consciences is mighty to the pulling down of strong-holds; thus the excellency of the power is of God, and not of man. When instruments fail, let us therefore leave it to God to do his work himself by his own Spirit.*

Bepeins of Bespreek

1. Kan YHVH in die midde van ‘n Torahlose samelewing woon? Lees Lev. 26:1 tot 3, 9. 11, 12 en 14. Die vraag moet ook beantwoord word in die lig van wat sonde is (1 Joh. 3:4). Gaan Torah YHVH se maatstaf gedurende die Millennium wees? Indien nie, is die vraag wat gaan as meetsnoer van sonde gebruik word, want sonder die wet is daar geen sonde nie (Rom. 7:8)?

2. Kan jy die ooreenkoms sien met die terugkeer van die Jode in die tyd van Sagaria om die tempel te herbou en die hedendaagse terugkeer van Christene na hul Hebreeuse wortels en dus die terugkeer na Torah-gehoorsaamheid? Wat is hierdie ooreenkomste? Geskied dit deur krag of geweld of deur die Afgesonderde Gees? Vind dit plaas te midde van teenstand en ‘n onsekere toekoms? Waar is die ware profete om ondersteuning te bied?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.